SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Nasionale Kantoor / National Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za

## NUUSBRIEF 34 NEWSLETTER 17/06/2015

Die Rapport Onderwysfonds bied aan alle onderwysers en onderwysstudente (deeltyds of voltyds) die geleentheid om aansoek te doen vir leningsbeurse, sou daar 'n finansiële behoefte daarvoor wees. Aansoeke vir 2016 het geopen. U word uitgenooi om dit onder die aandag van al u studerende onderwysers, assistent-onderwysers, asook matrikulante wat belangstel om onderwys te gaan studeer, te bring sodat hulle betyds kan aansoek doen vir hierdie geleentheid.

Klik hier om die aansoekvorm af te laai. Die aansoekvorm, kriteria en meer inligting oor die Rapport Onderwysfonds is beskikbaar op die webblad http://www.rof.org.za/.

Skakel Phil-Marie Roberts
Tel. (021) 406-3699

## WAT IS JOU KEUSE?

SAOU-DAGBOEK

OF

LID VAN 'N GROOT KOÖPERATIEWE KOOPSKEMA?

### VIR DIE AANDAG VAN ELKE LID

### 2de VERLENGING VAN GELEENTHEID OM KEUSE UIT TE OEFEN

Geagte Lid

Baie dankie vir die etlike duisende lede wat reeds hulle keuse uitgeoefen het. Ons wil egter verseker dat niemand in die proses oorgeslaan is nie. Die volgende boodskap is aan alle lede in nuusbriewe 24 en 30 van 2015 voorsien.

Vir die afgelope paar jaar het die SAOU 'n unieke dagboek gratis aan sy lede voorsien. Die Unie is bewus daarvan dat dit vir baie lede 'n nuttige en waardevolle item is wat 'n gevoel van identiteit bevorder het.

Met die koms van die vinnig ontwikkelende fasiliteite wat nuwe tegnologie bied, maak al minder mense gebruik van 'n fisiese dagboek en verkies hulle om belangrike datums en afsprake op hul persoonlike rekenaars, tablette en veral slimfone aan te teken. Hiermee saam moet kennis geneem word dat die koste vir die druk en landswye verspreiding van die dagboeke elke jaar beduidend styg.

Om hierdie redes het die SAOU gevoel dat dit sinvol sal wees om opsies te ondersoek om steeds waarde toe te voeg vir sy lede. Elke lid kan nou 'n persoonlike keuse uitoefen. Die SAOU wil graag verneem mbt u keuse vir die voortgesette ontvangs van 'n dagboek of die alternatief soos

## WHAT IS YOUR CHOICE?

SAOU DIARY

OR

MEMBER OF A BIG CO-OPERATIVE BUYING SCHEME?

### FOR THE ATTENTION OF EVERY MEMBER

### 2nd EXTENSION OF OPPORTUNITY TO EXERCISE YOUR CHOICE

Dear Member

Thank you to the several thousand members who have already exercised their choice. We wish to ensure that all members have been afforded ample opportunity to exercise their choice. The following message was provided to members in newsletters 24 and 30 of 2015.

For the past several years the SAOU has provided a SAOU Diary to its members. The Union is aware that for many, this was a useful and valued item promoting a sense of identity and belonging.

With the advent and rapidly developing facilities that technology offers, fewer and fewer people are making use of a physical diary, preferring to have their important dates and appointments recorded on their personal computers, tablets and especially, smartphones. Together with this, the cost of production and the national distribution of the diary increases greatly every year.

For those reasons, the SAOU felt that it would be good to investigate an alternative way in which to add significant value/ rewards to its members. The Union herewith enquires

hieronder uiteengesit.

Dit sal dus waardeer word indien u 'n <u>keuse tussen EEN</u> van die volgende opsies sal uitoefen **voor of op 26 Junie 2015**:

- <u>Opsie 1</u>: Voortgesette ontvangs van die A5 SAOU-dagboek, of
- <u>Opsie 2</u>:
    - o Word 'n lid van 'n landswye Koöperatiewe Koopskema wat ongeveer 300 produkte / dienste teen aansienlik verminderde of spesiale tariewe aan lede bied, tesame met
    - o Ontvangs van 'n jaarlikse SAOU lessenaar-kalender (*desk pad*).

Die belangrikste kategorieë wat in die Koöperatiewe Koopskema ingesluit is, is die volgende: motorvoertuie, restaurante, huisdekor, mode en styl, geskenke, gesondheid, kidz, skoonheid en fiksheid, buitelewe, dienste, inkopies, reisaanbiedings, leesgenot, ens.

Vir 'n meer volledige oorsig van die beskikbare voordele, word vir u skermfoto's van die webwerf voorsien, en bv hoe om 'n fliekkaartjie aan te koop en die voordele daaraan verbonde – in die geval vir die prys van een kaartjie kan twee kaartjies bekom word.

Om u voorkeuropsie te registreer, <u>kliek</u> hier.

<u>Neem asseblief kennis</u>: Indien u nie reageer op hierdie nuusbrief nie, sal u keuse as <u>Opsie 2</u> aangedui word.

about your <u>personal choice</u> with regard to the continued receiving of the diary, or the alternative option as stated here below.

It would therefore be appreciated if you could exercise your <u>choice between ONE</u> of the following options **by no later than 26 June 2015**:

- <u>Option 1</u>: Continue to receive an annual A5 SAOU Diary, or
- <u>Option 2</u>:
    - o Become a member of a large Co-operative Buying Scheme which offers approximately 300 products/services at significantly reduced or special rates to members, together with
    - o Receiving an annual SAOU Desk Calendar (desk pad).

The main categories included in the Co-operative Buying Scheme are: motor vehicles, restaurants, lighting, house & home, fashion & style, gifts, health, kidz, beauty and fitness, outdoors, services, shopping, travel, word, etc.

To obtain a better idea of the available benefits, screen shots of the website have been provided here below and as an example the process to purchase a movie ticket and the benefits that can be derived – in this case two tickets for the price of one.

To register your preferred option <u>click</u> here.

<u>Please Note</u>: If you do not respond and exercise your choiceyou will automatically be registered for <u>Option 2</u>.







OLDMUTUAL
MUTUAL & FEDERAL
GO COMMUNITY
GO EXTRA
GO COLLABORATION
GO CATCH A SHOW
NuMetro
About Nu Metro
SPECIAL OFFERS
COMPETITION
Check out our special offers!
Members get free stuff with Nu Metro!
People who liked this deal, also like...


OLDMUTUAL
MUTUAL & FEDERAL
randgo
Valid until: November 30, 2015
Nu Metro
Members get free stuff with Nu Metro!
NuMetro
Members who buy one ticket, get another one FREE at their favourite cinema.
Terms & Conditions:
1. This offer does not apply for 3D, Ballet, Opera Circuit and Premier Theaters.
2. Only one voucher may be used per Randgo member, per movie.
3. Only redeemable at Nu Metro cinemas box offices.
4. Not valid for films in the first week of release.
Nu Metro
Name: Mark Langman
Contact No 27825382993
This voucher is NOT redeemable for cash. For further terms and conditions, please visit www.randgo.com
Comments? Suggestions? Contact us on help@randgo.com